**OM TE OORDEEL – Nick Maartens**

**Inleiding**

In die bespreking van hierdie onderwerp sal ons sien hoe verkeerde opinies gevorm kan word deur Bybelversies in isolasie te gebruik. Die wanbegrip dat ons nie mag oordeel nie is ’n goeie voorbeeld hiervan. Omdat hierdie onderwerp nie in die kerk reg beklemtoon word nie, word gelowiges vandag op grootskaal deur verkeerde leringe en valse profete mislei. Die algemene konsep dat daar nie geoordeel mag word nie is die resultaat van ’n baie oppervlakkige lees van die Woord van God. Kom ons kyk wat die Skrif regtig oor hierdie onderwerp te sê het.

**Matt.7:1, Matt.7:15-16**

Die bekendste Skrifgedeelte wat gewoonlik aangehaal word om te sê dat ons nie mag oordeel nie, is **Matt.7:1**: *“Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.”* Hier verklaar Jesus dat daar nie geoordeel mag word nie, maar ’n paar versies vorentoe, in dieselfde Skrifgedeelte, lyk dit of Hy Homself weerspreek deur te sê dat daar wel geoordeel moet word: *“Pasop vir valse profete…Aan hulle vrugte sal julle hulle ken”* **(Matt.7:15-16).** Paulus doen dieselfde. Hy wat verklaar dat jy nie jou broeder moet oordeel nie **(Rom.14:10)**, beveel op ’n ander plek dat dit wel gedoen moet word! – *“Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit”* **(1 Kor.5:12).** Ook Jakobus is skuldig hieraan. Nadat hy waarsku dat ’n mens nie jou broeder moet oordeel en hom kritiseer nie **(Jak.4:11)**, doen hy net mooi die teenoorgestelde! Hy trek ook los teen egbrekers en teen dié wat die wêreld lief het. Die rykes loop ook deur! **(Jak.4:4, Jak.5:1)**. So kry ons dwarsdeur die Skrif voorbeelde van mense wat deur God gestuur is om ander te oordeel en te waarsku. Hoe verklaar ’n mens hierdie oënskynlike teenstrydigheid in die Woord? – dié wat beveel dat daar nie geoordeel mag word nie, gaan en doen presies dit! Vir ’n geheelbeeld moet ons gaan kyk wat die Skrif regtig oor dié onderwerp te sê het.

**Die woord “oordeel” moet gedefinieer word**

Voordat ons na die Bybelse gebruik van die woord “oordeel” kyk, laat ons eers kyk hoe die HAT woordeboek hierdie woord verduidelik: ***oordeel = mening, bevinding, goed- of afkeuring, uitspraak, verstandige insig, insig oor iets, vonnis…***
Die Webster’s Dictionary verduidelik dit so: ***judge = to form an opinion through careful weighing of evidence and testing of premises – to determine or pronounce after inquiry and deliberation***
Ek sou graag wou sien wat sou gebeur as iemand dit eendag sou waag om in ’n hofsaal in te stap en **Matt.7:1** aan te haal en aan die regter en die jurie te sê dat hulle nie mag oordeel nie! Owerhede is juis daar om die skuldiges te oordeel en die onskuldiges te beskerm **(Rom.13).** Ons is veronderstel om elke dag wyse besluite te neem deur te oordeel; ons moet

dit doen as ons wil besluit watter motor om te koop, watter werk om voor aansoek te doen, vir wie ons moet stem en watter kosse om te eet. As ons wys is sal ons al ons besluite baseer op die getuienis van gesonde ondersoek van al die inligting tot ons beskikking. Sou dit minder belangrik wees om gesonde oordeel toe te pas wanneer dit by geestelike dinge kom? Inteendeel, die Skrif beveel ons *"glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is"* **(1 Joh.4:1).** Verder beveel Paulus ook: *"**Beproef** (dokimazo) **alle dinge**; behou die goeie"* **(1 Thess.5:21)** – ( ***dokimazo* - *om te toets, te onderskei, te bewys***).
Nêrens in die Skrif word 'n algemene, ongekwalifiseerde stelling gemaak dat 'n Christen nie mag oordeel nie. Omdat daar in die algemeen geglo word dat daar nie geoordeel mag word nie, word sommige dinge wat in die Skrif beveel word, nagelaat.
**Daar moet geoordeel word, maar *"moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel met 'n regverdige oordeel*" (Joh.7:24).**

**Hoe moet "alle dinge" reg "beproef" en geoordeel word?**
God is die Regter en die Een wat besluit wat reg of verkeerd is, nie ons nie. Wanneer God deur Sy Woord sê iets is verkeerd, en ons dit beaam, is dit nie ons wat oordeel nie, maar God! Om regverdig te oordeel beteken om nie jou eie opinie uit te spreek nie, maar om versigtig te ondersoek wat God in Sy Woord oor die saak te sê het.

**Wat sê die Skrif oor die onderwerp van "Om te Oordeel?"**
**Gevalle waar ons nie mag oordeel nie**

**1. Net God het die mag en gesag om oor die mens se ewigheidsbestemming te oordeel**

> *"…God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel (krino)"* **(2 Tim.4:1).**

(***Krino*** – oordeel in 'n juridiese sin , uitspraak te gee op die oordeelsdag).
Ons het nie die reg om te besluit of iemand hemel of hel toe gaan nie; net God kan daaroor besluit.

**2. Ons mag nie volgens uiterlike voorkoms of volgens materiële besittings oordeel nie**

> *"Want as daar in julle vergadering 'n man inkom met goue ringe…met 'n pragtige kleed aan , en daar kom ook 'n man in met vuil klere aan; en as julle opsien na hom wat die pragtige kleed dra, en vir hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit, en vir die arme sê julle : Gaan jy daar staan of hier onder my voetbank sit – het julle dan nie by julleself onderskeid gemaak en regters met verkeerde oorlegginge geword nie?"* **(Jak.2:1-5).**

**3. Net God kan innerlike motiewe oordeel**

*"Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en **die bedoelinge van die harte** openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang"* **(1 Kor.4:5**, my beklemtoning**).**

**4. Ons moet versigtig wees om oor sake van sekondêre belang te oordeel**

*"En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie. Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is eet groente…Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk…Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees…waarom oordeel jy jou broeder?* **(Rom.14:1-6).**

Hierdie skrifgedeelte word dikwels in 'n algemene sin gebruik om te bevestig dat Christene mekaar nie mag oordeel nie. Wat in gedagte gehou moet word, is dat Paulus hier dié wat sterk in die geloof is, vermaan dat hulle dié wat nog swak in die geloof is, moet aanvaar en dat daar nie op hulle neergesien moet word nie. Sy oproep tot verdraagsaamheid impliseer gladnie dat swakheid in geloof as 'n permanente standaard van geestelikheid aanvaar moet word nie! In een van sy ander briewe berispe hy gelowiges dat vanweë die tyd , in plaas van om al leraars te wees, moet hulle oor en oor die eerste beginsels van die geloof geleer word! Hulle het meer behoefte aan melk as aan vaste spys! (Heb.5:12-14). Alhoewel ons verdraagsaam moet wees teenoor dié wat swak in sekondêre geloofsake is, moet ons versigtig wees dat hulle "swakheid" nie ons standaard word nie. Die doel moet wees dat almal geestelik moet groei *"totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof…tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer…heen en weer gedryf word deur elke wind van lering nie…*(Ef.4:11-16).

**Ons word beveel om oor die volgende te oordeel**

**1. Ons moet onsself beoordeel**

*"Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie"* (**1 Kor.11:31).**
*"…haal eers die balk uit jou oog uit…"* **(Matt.7:5).**

**2. Alle uitsprake en lering moet beoordeel word**

*"Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel (**diakrino**)"* **(1 Kor.14:29).**
Oor ons gemeenskaplike geloofsake skryf Paulus aan ons
*"…om **kragtig** te stry vir die geloof wat eenmaal aan heiliges oorgelewer is"* **(Judas 1:3**, My beklemtoning).

*"Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor"* ***(*1 Tim.4:16).**

***Diakrino*** – ondersoek om te besluit of iets reg of verkeerd is.

Hierdie beginsel van die beoordeling van uitsprake gaan terug tot in die tyd van die Ou Testament. As iemand in daardie tyd 'n uitspraak in die Naam van die Here gemaak het en dit het nie waar gekom nie, moes hy doodgemaak word **(Deut.18:20-22**). Vandag word ons beveel om alle lering en uitsprake in die lig van God se Woord te evalueer en besluit of dit reg of verkeerd is. Onthou in dié geval is dit lering en uitsprake wat beoordeel moet word, nie die persoon se karakter nie. Oor karakter gepraat, die konsep dat 'n persoon reg moet wees omdat hy so 'n goeie persoon is en so 'n heilige lewe lei, is 'n misleiding opsigself; die goeie lewenstyl van 'n persoon is nie genoegsaam waarborg vir die geloofwaardigheid van sy leerstellinge nie. Vandag mag ons nie meer valse profete met klippe doodgooi nie, maar ek glo dat valse profete se misleidende publieke uitsprake moet in die openbaar "gestenig" word.

**3. Om tussen broer en broer te oordeel**

*"As jou broer teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen"*
**(Matt.18:15-17)**

Dit is net as 'n broeder teen jou as 'n individu sondig dat jy hom privaat moet gaan konfronteer sodat die saak tussen jou en hom reggestel kan word. As hy nie na jou luister nie, kan die saak verder gevoer word deur ander getuienisse te betrek. As die saak nie privaat geskik kan word nie, moet dit voor die gemeente kom sodat hulle kan help om te oordeel.

**4. Ons mag nie skynheilig oordeel nie**

Wanneer ons Mattheus hoofstuk sewe lees lyk dit met die eerste oogopslag of Jesus Homself weerspreek deur eers sê dat 'n mens nie mag oordeel nie **(Matt.7:1)** en dan voort te gaan om te verklaar dat valse profete uitgewys moet word **(Matt. 7:15-16).** Hoe verklaar ons hierdie klaarblyklike teenstrydigheid? Ons kry die antwoord deur na die konteks van hierdie hele Skrifgedeelte te kyk: "*Geveinsde (**hupokrites**), haal eers die balk uit jou oog uit , en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal"* **(Matt.7:5).** (Die Engelse woord *hypocrite* is afgelei van *hupokrites*). Ons het geen reg om iemand anders te ooreel oor iets waaraan ons self skuldig is nie. In dié gedeelte sien ons dat ons mekaar wel moet help om ons swakhede te oorkom, maar dit kan eers gedoen word wanneer ons dinge in ons eie lewe reggemaak het.

**5. Ons moet alle dinge beoordeel – 1 Thess.5:21 "...alle dinge..."**

*"Die geestelike mens beoordeel (**anakrino**) wel alle dinge"* **(1 Kor.2:15)**

***Anakrino*** – om versigtig en akkuraat te ondersoek om sodoende 'n besluit te kan neem. Ons word deur die Woord beveel om te ***anakrino***. Doen ons dit nie, is ons ongehoorsaam en kan ons maklik slagoffers word van hedendaagse misleiding in die kerk.

**6. Wanneer immoraliteit binne die kerk voorkom, word die gemeente beveel om te oordeel en op te tree**

*"…maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereeder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie…Oordeel julle nie die wat binne is nie?...Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit"* **(1 Kor.5:11-13).**

Jesus leer ons om mense volgens die vrugte wat hulle dra te evalueer:

*"Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte …So sal julle hulle dan aan hulle vrugte ken"* **(Matt.7:16-20).**

**7. Gelowiges is veronderstel om in alledaagse geskille tussen gemeentelede te oordeel en uitspraak te lewer**

*"As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daaroor laat sit wat in die gemeente die minste geag word"* **(1 Kor.6:4).**

*"Is daar dan nie eens een wyse onder julle, wat uitspraak (**diakrino**) sal kan doen tussen sy broeders nie?"* **(1 Kor.6:5).**

Die Griekse woord ***diakrino*** beteken om te onderskei of te besluit tussen wat reg en wat verkeerd is.

Terwyl daar in **1 Kor.5** utspraak gelewer moet word betreffende immoraliteit in die kerk, verwys **1 Kor.6** na siviele geskille tussen broeders. Omdat die Korinthiërs nie hulle verantwoordelikheid aangaande hierdie saak nagekom het nie, lyk dit of hulle hulle tot die Romeinse regbank moes wend vir uitspraak (1 Kor.6:5-6). Hieroor was Paulus baie ongelukkig!

**Mag name genoem word?**

Paulus noem openlik die name van Himeneus en Alexander omdat hulle van die geloof weggedwaal het en skuldig was aan laster **(1Tim.1:19-20).** So ook noem hy die name van Figellus en Hermogenes wat van hom weggedraai het **(2 Tim.1:15).** In sy skrywe word

gelowiges ook gewaarsku teen Himeneus en Filetus wat met onheilige praatjies verkeerde lering versprei het **(2 Tim.2:16-17**). Demas word genoem omdat hy die wêreld liefgekry en daardeur Paulus verlaat het **(2 Tim.4:1**0). Ook Petrus beskou afdwaal en verkeerde lering in 'n baie ernstige lig. In die tweede hoofstuk van sy tweede brief gebruik Petrus die sterkste taal om sy lesers teen valse leraars en profete te waarsku **(2 Pet.2:19:17-22).** Selfs die apostel van liefde, Johannes, vaar uit teen Diotrefes omdat hy die gemeente van Christus met sy woorde en dade skade aangedoen het! **(3 Joh.1:9-10).**
Dit is onverstaanbaar dat mense kan dink dat dwaling wat in die publiek vanaf preekstoele, oor die TV en deur middel van boeke versprei word, nie ook in die openbaar weerlê moet word nie! Ek wonder wat sou gebeur het as die Hervormers van die Middeleeue nie openlik hulle besware teen die dwalinge van die Roomse Kerk bekend gemaak het nie?

**Die Gawe van die onderskeiding van geeste (1Kor.12:10)**

Een van die gawes van die Heilige Gees is om te kan onderskei ( "onderskei" in Grieks, ***diakrisis***, **1Kor.12:10).** Die Complete Word Study Dictionary van Spiros Zodhiates gee die betekenis van ***diakrisis*** aan as "*to decide, to judge, to distinguish."* Ek wonder of diegene wat ongekwalifiseerd verklaar dat 'n mens nie mag oordeel nie, al daaraan gedink het dat met so 'n gesindheid, die gawe van die Heilige Gees om tussen reg en verkeerd te kan onderskei, onderdruk word.

**Slotsom**

Paulus se opdrag is baie duidelik; ek moet by myself begin: *"Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor"* **(1Tim. 4:16).** Alhoewel ons deur soveel skrifgedeeltes beveel word om alles te evalueer, moet ons onthou dat wanneer dit mense raak , ons dit met 'n gesindheid van verdraagsaamheid moet doen.

*"Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God"* **(1 Pet. 4:17).**

**Nick Maartens**
**Jeffreysbaai**
**0827826074 - e-pos: nickmaartens@hotmail.com**
www.nickmaartens.co.za